Naam bo alle name YAHUAH

G. J. Du Preez 072 1876 076

Naam bo alle name **"YAH"**

*Eseg. 13:21 Ek sal ook julle sluiers skeur en My volk uit julle hand red, sodat hulle nie meer 'n buit in julle hand sal wees nie; en julle sal weet dat Ek "**YAH**" is* (6528 keer in die Skrifte is die naam H*re ingesit in **YAH** se plek).

י = Y wat 'EK' beteken

יה = YH met klinker "YAH" wat 'EK IS' beteken.

יהו = YHU met klinker "YAHU" beteken 'EK IS DIE'

יהוה = YHUH met klinkers "YAHUAH" beteken 'EK IS DIE EK'

יהושע = YHUSA met klinker "YAHUSHA" beteken 'EK IS DIE LOSSER'

Bo sal jy sien dat ek die "EK IS" **יה** deur gegee het, maar in der waarheid lyk "EK IS" so **א נ י**. Soos ons kan sien is daar 'n duidelike verskil tog dieselfde.

Die Y **י** Yud sal jy sien dat dit by elk van die boonste Alef-bed letters is en dus "EK" beteken. Die byvoegings verskil in sinne en naamwoorde. "EK IS" is in der waarheid net die Yud en die Nun met die toevoeging Aleph wat jou bring na: "EK IS ALEPH". "Ek IS ALPHA" "EK IS EERSTE" ----------

Hier is 'n klompie Strong's verwysings oor ons Koning se Naam waar baie bespiegel oor die "SHUA" en die "SHA" betekenis:

Hier is name om die "SHA" שׁ betekenis uit te wys en onder "SHUA":

H3390 / H3389=ירוּשׁלם yᵉrû**shâ**lêm = **J**erusalem.
H3467 / H3468= ישׁע yâ**sha** / yê**shaʿ**= **d**efend, **d**eliverer, *liberty*, **s**alvation,
H4967= מתוּשׁאל mᵉthû**shâ'**êl/ Methusael = *man who* (is) *of YAH*;
H5043 = נברשׁא nebrᵉ**shâ'**=to ***s**hine*; a ***l**ight*; ***c**handelier:* - **c**andlestick.
H7221 = ראשׁה ri'**shâ**h=; a ***b**eginning:* - **b**eginning.
H7620= שׁבוּע שׁבּע שׁבּעה shâbûaʿ = a *week* (spe.. of years): - **s**even, week.
H7673 H7676 = שׁבת **shâ**bath= **r**est, **r**id, **s**till, take away**.** ***i**ntermission*,
H7706 = שׁדי **Sha**dday=; the ***A**lmighty:* - **A**lmighty.

H1340 = בת־שׁוּע bath-**shûa**ʿ = From H1323 and H7771; ***d**aughter of **w**ealth*;
H3442 = ישׁוּע yê**shûa**ʿ= For H3091; *he will save*; *Jeshua*,(let op na H spelling)
H3444 = ישׁועה yᵉ**shûʿâh**= **F**eminine passive participle of H3467; **s**omething *saved*, that is, (abstractly) ***d**eliverance*; hence *aid*, *victory*, *prosperity:* -
H7774= שׁוּעא **shûʿâ'**= From H7768; ***w**ealth*; *Shua*, an Israelitess: - Shua.
H8663= תּשׁאה tᵉ**shû'âh =** a *crashing* or **loud *clamor*: crying**, **noise**, **shouting**

Let mooi op en sien dat "SHA" 'n baie meer sinvolle toevoeging is aan ons Koning se Naam as "SHUA"

Ek gaan voort na verdere verduidelikings:
1)Anti = Die valse of in die plek van wat die oorspronklike vervang (*Christus met Nasaréner, J*sus met YAHUSHA ens.).*
Messiahs beteken: "Meester" wat niks met Christus te doen het nie.
Dié Seun van VADER was bekend as YAHUSHA waarvan die Naam verkortings ingekry het soos Y'SHA. Met verloop van tyd het die vertalers die Naam verander na "Je-Zeus Khristos" (*Jodevertalers om in die guns van die Romeine te kom*). Met die verandering van die Name in die Skrifte het 'Christendom' ook sy ontstaan gekry (Christendom *wat gemengde aanbidding voorstel*). Konstantyn die Grote wat 'n Zeus-aanbidder was het die voorstelle van die vertalers aangegryp om heerskappy. Die naam Je-Zeus (Ye-Zeus) is later van jare vervang met J*sus (Yesus). Let net mooi op, as jy die naam uitspreek in Engels dan spreek jy die sus nog steeds uit as "Z" Konstantyn die grote het in die jaar 313 tot 325 nM begin om sy godheid deur te gee. As sonaanbidder was hy die stigter van die Sondag op die kalender van vandag. So was hy ook 'n voorstander van die woord Christus en Christendom. Osiris die songod van Egipte was ook bekend as Christos Helios of Chrestos in Grieks. Chrestos beteken: die goeie een wat natuurlik Osiris is. Daarom die ontstaan van die Krishna – aanbidders wat net goed wil wees of doen. Die sodanige Christendom was alreeds deur die Romeine in die jaar 150nM aan die Jode toegeken weens hulle "goedheid".
2) Anti *Nasaréner* beteken: in die plek van (*H*re in die plek YAH*). Al 12 stamme het YAH geleer ken met die uittog van Egipte. Deur hulle afdwalings en hoerery het hulle in die plek van ons Skepper die Baäl gode en name ingesit
Ons Skepper sê vir Moses in *Ex 3:14,15: EK IS WAT EK IS. Ook sê ons Skepper: So moet jy die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL antwoord: "EK IS" het my na julle gestuur. Ex.3:15 ~~Israel~~ Yashar'EL..: ~~Die HERE~~ YAHUAH, ~~God~~ die Skepper van julle vaders, die ~~God~~ Skepper van Abraham, die ~~God~~ Skepper van Isak en die ~~God~~ Skepper van Jakob, en dit is My Naam vir ewig, en dit is My gedenknaam van geslag tot geslag. Ex 23:13 Julle moet jul self in ag neem dat die naam van ander gode mag julle nie vermeld nie; dit mag uit jou mond nie gehoor word nie. Ex 23:21 Neem jul self in ag; wees nie wederstrewig; My Naam is in julle. Ex 34:14 Julle mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want ~~die HERE~~ YAHUAH se Naam is Jaloers—'n jaloerse ~~God~~ Skepper is Hy. Num 6:27 lê dan My Naam op die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL; en Ék sal hulle seën. Ps. 9:11 Hulle wat die Naam ken, sal op Hom vertrou, omdat Hy die wat Hom soek, nie verlaat nie. Ps. 44:21,22 As ons die Naam van onse ~~God~~ Skepper vergeet het en ons hande uitgebrei het na 'n vreemde god— :22 sou ons ~~God~~ Skepper dit nie naspeur nie? Want Hy ken die geheime van die hart.*

Deut. 18:20 Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in My Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. Ps. 118:26 Geseënd is Hy wat kom in die Naam van VADER! Ons seën julle uit die huis van VADER. Jes. 48:12 Luister na My, o Jakob, en ~~Israel~~ Yashar'EL, wat Ek geroep het, dit is Ek; Ek is die Eerste, ook is Ek die Laaste. Jes. 52:6 My volk wat My Naam leer ken het; sal weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek! Jer. 14:14 Maar ~~die HERE~~ YAH sê: Die profete profeteer vals in My Naam; ... Jer. 23:27 is hulle daarop bedag om My volk My Naam te laat vergeet deur hulle drome wat hulle die een aan die ander vertel, soos hulle vaders My Naam vergeet het deur Baäl? (Lord, Here)
Jer. 27:15 Want Ek het hulle nie gestuur nie, spreek ~~die HERE~~ YAH, en hulle profeteer vals in My Naam, Eseg. 43:7,8 EK sê: Mensekind, dit is die plek van My troon en die plek van My voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL; en die huis van ~~Israel~~ Yashar'EL sal My Reine Naam nie meer verontreinig nie,...:8 deurdat hulle hul drumpel by My drumpel gemaak het en hul deurpos langs My deurpos, sodat net die muur tussen My en hulle was; en hulle het My Reine Naam verontreinig met hulle gruwels wat hulle bedryf het,.. Hos. 2:15,16 maar in dié dag, spreek ~~die HERE~~ YAH, sal jy My noem: My man; en jy sal My nie meer noem: My Baäl nie. :16 Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie. Mal 2:2 As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om My Naam eer te bewys nie, sê ~~die HERE~~ YAH van die leërskare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie. Joh. 16:2,3 Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan ~~God~~ VADER bewys. :3 En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die VADER nie ken nie en My ook nie. Hand 2:21 (Maar) elkeen wat die Naam van ~~die Here~~ YAH aanroep, sal gered word. Sef. 3:12 (en) Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van VADER skuiling soek. Matt 10:22 julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. Matt 24:24 Daar sal valse 'n ~~Christus~~ Nasaréner (Messias KJ) en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Luk 13:35 Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat...(maar ons) sal sien die dag wanneer HY kom dan sal julle sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van ~~die Here~~ VADER! Joh. 1:12 almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van ~~God~~ VADER te word, aan hulle wat in Sy Naam glo;

*Joh. 5:43 Ek (*YAHUSHA*) het gekom in die Naam van My VADER, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een (*Paulus*) in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. Joh. 17:6,9 Ek het U Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord bewaar.:9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. Joh. 17:26 En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het in hulle kan wees, en Ek in hulle. Hand 2:22 ~~Israeliete~~ Yashar'EL, luister na hierdie woorde! ~~J*sus~~ YAHUSHA, die Nasaréner, 'n Man deur ~~God~~ VADER vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat ~~God~~ VADER deur Hom onder julle gedoen het, Hand 4:2 baie (*was*) ontevrede dat hulle die (*Apostels wat*) volk leer en in (die Naam) ~~J*sus~~ YAHUSHA (*van*)die opstanding uit die dode verkondig.*

*Hand 4:7 - 17 :7 (*Die predikers*) vra: Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen? :10 Petrus antwoord en sê: laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van ~~Israel~~ Yashar'EL dat deur die Naam van ~~J*sus~~ YAHUSHA , die Nasaréner, wat julle gefolter het, maar wat VADER uit die dode opgewek het, :11 Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het.:12 En die reinheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander Naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie. :17 Maar (*die predikers sê*) ...dit (mag) nie... meer onder die volk versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens te spreek nie. Hand 4:18 En (*die predikers sê*:)... en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van ~~J*sus~~ YAHUSHA te spreek of te leer nie. Hand 4:26 (Ja) Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen ~~God~~ VADER en teen SY Gesalfde. Hand 9:21 Verbaas (*was hulle oor Paulus*) en het gesê: Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep, en hier gekom het met die doel om hulle (*die Nasaréners*) geboeid na die owerpriesters te bring nie? 1 Joh. 2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat ~~J*sus~~ YAHUSHA die ~~Christus~~ Nasaréner is? Dit is die Anti Nasaréner wat die VADER en die Seun loën. 1 Joh. 4:3 en elke gees wat nie bely dat ~~J*sus~~ YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het nie, is nie uit ~~God~~ VADER nie; en dit is die gees van die Anti Nasaréner waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. Open 12:9, die ou slang wat genoem word duiwel en Ha satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. 2 Joh. 1:7... die wat nie bely dat ~~J*sus~~ YAHUSHA dié ~~Christus~~ Nasaréner in die vlees gekom het nie (*Dit is die verleier en die Anti Nasaréner*)*

*Open 2:13..ken sy werke en die plek waar hy woon, Jes. 14:13,14 (*Ha satan*) wil opklim in die hemel, (*sy*) troon verhef bo die sterre van ~~God~~ VADER en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.:14 Ek (*Ha satan*) wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Jer. 23:13,27 Ek het...by die profete.. (*Dominees*) aanstootlike dinge gesien: hulle profeteer deur Baäl en verlei My volk ~~Israel~~ Yashar'EL. :27 is hulle daarop bedag om My volk My Naam te laat vergeet ...., deur Baäl.... hou vas aan Sy Naam en die geloof in Hom nie verloën nie, Jes. 63:16 Want U is ons VADER! Want, Abraham weet van ons nie, en ~~Israel~~ Yashar'EL ken ons nie. U, o ~~HERE~~ YAH, is ons Vader; ons ~~Ver~~ Losser is van ouds af U Naam. Jes. 63:19 Ons het geword soos hulle oor wie U nie van ouds af geheers het nie, oor wie U Naam nie uitgeroep is nie. Jes. 64:8 Maar nou, ~~HERE~~ YAH, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van U hand. Mark 11:10 Geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam ~~die Here~~ YAH, die koninkryk van ons vader Dawid! Hosanna in die hoogste.... Jes. 26:8 Ook in die weg van U oordele het ons U verwag, o ~~HERE~~ YAH! Tot <u>U Naam</u> en tot U <u>gedenknaam</u> gaan die begeerte van ons siel uit. Spr. 30:4 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? .....<u>Hoe is sy Naam</u>? En hoe is <u>die Naam van Sy Seun</u>—as jy dit weet?*
*Joh. 17:26 (*maar YAHUSHA*) het U Naam... bekend gemaak. 1 Jo 3:23 En dit is Sy gebod, dat ons <u>in die Naam van Sy Seun</u>, ~~J*sus~~ YAHUSHA dié ~~Christus~~ Nasaréner, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. Ex 20:3 Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie. Ex 23:13 En in alles wat Ek julle gesê het, moet julle jul in ag neem. En die naam van ander gode mag julle nie vermeld nie; dit mag uit jou mond nie gehoor word nie (*H*re J*sus Christus*). Jer. 16:21 Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer voel, voel My hand en My mag; en hulle sal weet dat My Naam ~~HERE~~ YAHUAH is. Miga 4:5 Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van ~~HERE~~ YAH onse ~~God~~ Skepper vir ewig en altoos.*
Sef. 3:9 Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van ~~die HERE~~ YAHUAH sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien. Eseg. 39:7 En Ek sal My ~~heilige~~ Reine Naam bekend maak onder My volk ~~Israel~~ Yashar'EL en sal My ~~heilige~~ Reine Naam nie meer laat ontreinig nie; en die nasies sal weet dat Ek ~~die HERE~~ YAHUAH is, die ~~Heilige~~ Reine in ~~Israel~~ Yashar'EL, Wyses luister *Jer. 9:23,24 So sê ~~die HERE~~ Yashar'EL YAH: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, ..24 maar laat hy wat wil roem,.. My ken, dat Ek ~~die HERE~~ YAH is*... Jak. 3:13,18 Moenie dink dis wys om die Baal name saam met YAH sin te gebruik nie (H*re J*sus Christus). Luk. 13:25.

Aspris het ek baie verse uitgehaal, maar gaan ondersoek die Skrifte en jy sal nog baie kry.Wat vir my belangrik is, is dat ek jou moet uitwys hoe om die '~~God~~' naam reg te lees. In die ou Testament lees alle "~~God~~" name as Skepper; YAH, want YAHUAH is tog ons Skepper! Daar is 'n bespied oor die Elohim naam in die ~~God~~ naam se plek. Elohim beteken meer as een waarvan El een is; tog praat ons met een Wese wat YAH is. Ander Hebreeuse ondersoeke sê dat Elohim manlik en vroulik is. Elohim word algemeen deur die okkultiste vir hulle gode gegee en daarom voel ek net dat, omrede ek Afrikaans lees en praat, moet ek dit ook so deurgee dat die volgende dit ook so kan lees en verstaan. Hoekom nou 'n Hebreeuse woord tussen Afrikaans soos "Elohim" wat elk geval meer as een betekenis het! Gebruik Skepper en jy sal verbaas wees oor hoe die Skrifte vir jou oopgaan. In die nuwe Testament, lees alle ~~God~~ name as VADER (*Ongelukkig is dit so dat daar baie aan die Nuwe Testament gekrap is, daarom sal jy vind dat sommige ~~God~~ Name wel VADER is. Mag VADER vir jou daardie openbaringe deurgee om HOM daarin raak te lees*). Verbasend sal openbaringe na vore tree en so ook die uitkenning van VADER en Sy Seun so ook die Naam bo alle name.

~~God~~ teenoor Skepper

Jes. 65:11 But you who forsake YAH, who forget and ignore My holy Mount [Zion], who prepare a table for Gad [the Babylonian god of fortune] and who furnish mixed drinks for Meni [the god of destiny]--

Die Siriese of Kanaänitiese geluksgod Gad en Meni, as die Noodlots godin, word bo in die AMP Skrifte uitgewys as heidense idole. Oorspronklik was Gad net as GD geskrywe en later van jare die vokaalteken "a" en "o" gekry. Jos.11:17; 12:7 en 13:5 wys uit dat Baäl-Gad 'n idool is en wat as 'n songod bekend was en Meni die maangodin. ~~God~~ word as 'n titel of soortnaam gebruik. Dit het dié Hebreeuse Skepper byvoorbeeld vervang of as 'n substituut vir die Naam van VADER (*in die plek van = anti Matt.4:4 haal Deut.8:3, Gen.15:6 aan ens.*).

Die bomenslike wesens van die heidense mitologieë (Germaanse, ens.) het hulle idool ~~GOD~~ genoem, want die magtige een se naam wat aanbid word 'nie misbruik mag word nie'. Dit moet 'n gevreesde naam wees daarom die versteking van hulle idool as ~~God~~. Die Germaanse stamme het hulle idool Odin, hulle "Gott" of net ~~God~~ genoem. Duitsers gebruik die woord, GOTT of GUT; die Aramese GAD – a; die Arabiese GUD; die Grieke AGATH – os. Indo – Germaanse het ook "Ghadh" (*Ghadh beteken om te paar*) wat as god in Engels uitgespreek word gebruik. Nêrens in die ganse Skrifte staan dit dat ons nie dié oorspronklike Name "YAH of YAHUSHA" mag gebruik nie. Inteendeel beveel YAH dié Gesalfde en ons Losser ons om dié Naam "YAHUSHA" wel te gebruik (Joh. 5:43; 14:14; 17:11,26; Open.2:13; 3:12).

Ons word uitgewys deur talle skrifte dat ons nie dié Name moet verskuil nie. (Jer. 23:27; Ps. 69:37; Hos. 2:15,16; Jes. 56:6). Abram het dié Naam aangeroep. Gen. 12:8; 13:4; 21:33. Isak in Gen. 23:25. Jakob in Gen. 28:16. Lea in Gen. 29:33,35. Moses in Deut. 32:3. Dawid in Ps. 22.23. YAHUSHA in Joh. 17:6,26. ens. 6823 Keer het die vertalers die Naam YAH vervang of verskuil agter Lord en H*re. *Jer 8:19 Daar is die hulpgeroep van die dogter van My volk uit 'n baie ver land: Is ~~die HERE~~ YAHUAH nie in Sion nie? Of is Sy Koning nie daarin nie? Waarom het hulle My geterg met hulle gesnede beelde, met vreemde, nietige afgode?* Spr. 30:4 *Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? .... Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van Sy Seun—as jy dit weet?*
Ons aanbid Skepper YAH en nie '~~God~~' YAH nie. Ons Skepper dié Magtige een. Willekeurig het die vertalers die god naam met klein en groot letters geskryf, maar die oorspronklike Hebreeuse Skrifte was alles net in hoofletters geskryf. Gebruik dus Skepper, want ons is skepsels van Hom. Onthou openbaringe van die verborge of die versteekte, is net vir die uitgewysde /aangestelde (*Yashar'EL*) en nie vir die wêreld nie Joh. 14:22;15:16
Ns: Vir die interessante gee ek 'n paar naamsveranderinge wat die vertalers moedswillig gedoen het.

Oorspronklik		Vertaalde
Yahuda	.....	Juda
EliYahu	.....	Elia
YeremiYahu	.....	Jeremia
YesiYahu	.....	Jesaja
YahuShafat	.....	Josafat
NatenYahu	.....	Nathaniël
YahuNatan	.....	Jonathan

Leer en erken Sy Naam, want daarin lê die ewige lewe. Mal. 1:11 ; Jes. 12:4 ; Ex. 20:7 ; Jer. 33:2 ; Ex. 6:1

~~H*RE God~~ moet wees: YAHUAH Skeppers, maar in enkelvoud YAH Skepper
Die H*RE moet wes: YAH en soms VADER (*"Die" voor H*RE hoort glad nie daar nie*).
Die H*re in die nuwe verbond tydperk moet wees: Meesters
H*RE H*re dit kan: YAHUAH is Meesters of VADER van die leërskare.
Een Heer en twee H*re is Janus die twee kop god; Vader en seun in een!!
Al die verwysings wys die meervoud uit wat reg is, maar tog verwarring na vore bring. Wees dus oplettend om die VADER en Seun uit te ken, wanneer julle die "H*re" (baal) naam lees om ons SKEPPERS saam of alleen raak te kan lees.